Kelner volgelinge

Jesaja 42:1-6a

Inleiding

- Kelnerwerk
    - Om ‘n kelner/waiter by ‘n restaurant te wees is van die hardste werke wat daar is.
        - Heeltyd op jou voete
        - Heeltyd haastig
        - Heeltyd onder druk
        - Ek het bietjie gaan oplees en een van die top goeters wat kelners die ergste pla is as kliënte of hulle baas op hulle skree.
            - In plaas daarvan dat dit hulle beter laat doen
            - Sê meeste kelners dat dit hulle juis net die nodigste laat doen vir daardie kliënte.

- Nou hoekom praat ek oor kelners?
        - Want dit is op ‘n manier die naaste wat ons in vandag se wêreld kan kom om die Bybelse woord ‘*dienskneg’* te verstaan.
        - Die woord word op verskillende plekke en maniere gebruik
        - En dis belangrik om hierdie woord te verstaan as jy opreg belangstel in

Christenskap en om Jesus te volg as dissipel met jou lewe.

- **Agtergrond v reeks en kwartaal fokus**

- Ons het in Trinitas die draai gemaak om oor onsself te begin dink as dissipels.
  - Ons leer uit die Bybel dat ‘n dissipel is:
    - ‘n Vakleerling/Appy wat by Jesus leer om te lewe
    - ‘n Dissipel luister na sy meester en oefen dit dan in sy lewe.
    - Dis luister en lewe en luister en lewe

- **Die leerareas vir dissipels**

- Die hoof onderwerpe
  - Waaroor Jesus sy volgelinge wil leer is
    - **verloswees**,
    - **familiewees**,
    - ***diensknegwees***
    - en **gestuurwees**.

- Hoekom juis hierdie dinge? ---Dis baie interessant!--
  - Want ons kry dit in die Drie-Eenheid van God self in wie se beeld mense gemaak is.
  - En... wanneer óns só lewe,
    - maak ons soos God
    - en sien ander mense Hóm eintlik in ons raak.

- Dink mooi hieroor:
    - God die Vader, Seun en Gees
        - is **los** en slaaf van niks of niemand,
        - het as **familie** mekaar lief
        - het die mens in hulle nood **gedien**
        - deur die Verlosser te **stuur**.
    - Sien jy dit raak?!

- **Dissipels** is mense wat
    - **verlos** is van die vloek van sonde...
        - om God weer te volg
    - en óók 'n **familie diensknegte** te wees wat **gestuur** is.

- Dít is dan hoe ons onsself sien:

    - ***'n Verloste familie diensknegte wat gestuur is.***

- Ons fokus hierdie jaar elke kwartaal op 'n ander aspek.
    - Ons het eers gefokus op hoe los ons verlossing ons maak
    - En hoe ons familie-agtige bande met God en mekaar kan hê.

- Vandag skop ons die derde kwartaal af met *Diensknegte* / Kelners.

- Ons gaan na ‘n paar Bybelgedeeltes kyk om te ontdek
    - Waarom dienskneg-wees deel is van Jesus se kurrikulum
    - Hoekom dienskneg-wees sentraal is vir Christene.
    - En hoe en waar dit dalk aanpassing van ons vra as Trinitas in ons verdere groei na gesondheid toe.

Hoekom leer Jesus sy volgelinge oor dienskneg wees?

- Want dit begin als in die Drie-Eenheid van God self.

- Die heel eerste plek waar ons dienswerk sien in die kosmos en in die geskiedenis – selfs voor tyd
    - Is by God self in sy Drie-Eenheid
    - Ons sien hierin dat dienswerk deel van God se eie kern-natuur is, veral in twee plekke
        - Die een is hoe die persone van die Drie-Eenheid teenoor mekaar ‘diensbaar’ is.
            - Die Vader bedien die Seun en die Gees met alles wat hulle nodig het vir hulle werk
            - En die Seun en die Gees bedien die Vader deur hulle werk te doen.

        - Die ander is hoe Hulle aktief ‘n heelal en planeet maak vir mens en dier om op te floreer.
            - En wanneer ons dit breek,
            - verder uit liefde te bedien wat nodig is om dit reg te maak:
            - En wat hulle hiervoor gee is: Hulleself!

- Ons hoor al twee hierdie aspekte van God se dienshart klop in Jesaja 42
    - waar die Vader vir die mense oor Jesus en sy Gees sê:

Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, Hy sal my wil aan die nasies bekend maak[1].

- Sien: In hulle band onderling bedien hulle mekaar.
    - En dan vanaf die volgende vers...
        - diens teenoor die mens en die skepping:

[2]*Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie.*
[3]*’n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, ’n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is.* [4]*Self sal hy ook nie uitgedoof of*

[1] Hierdie aanhaling word in Matteus 12:17 gebruik in verwysing na Jesus

geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer.

- Die skepping:

5So sê God, die Here, Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg: 6Ek is die Here.

- Merkwaardig!
    - Dienswerk aan mekaar en die skepping
    - as deel van God se natuur en karakter[2].

- En Jesus wil Trinitas se dissipels as sy beeld-draers,
    - ook híéroor leer en vorm.

Hoekom is dienskneg wees sentraal vir Christene

- In Johannes 13,
    - nadat Jesus as simbool van hierdie dienswerk sy dissipels se voete gewas het
    - die aand voor sy kruisiging – hoogtepunt van sy dienswerk,
    - sê hy vir ons:

[2] Vgl ook Joh 5:19 + 30 en Joh 13:13-17

"Verstaan julle wat ek vir julle gedoen het? [13]Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. [14]As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. [15]Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. [16]Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. [17]Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."

- Die vakmeester, Rabbi Jesus
    - leer ons als van sy vakmanskap as dienswerker.
    - As jy sê Hy is jou leermeester...
        - dan behoort jy besig te wees met sy lesse.
        - andersins is jy nie besig om Jesus te volg nie.

- [dink n bietjie]

- Nou ons Rabbi leer ons ook hier presies waar die wortel van swak of geen diens lê:
    - jou eie dagdrome oor jou belangrikheid.
    - "Met my lewe en my tyd het ek beter dinge om te doen – vir myself."

- 'n Slaaf is nie belangriker as die eienaar nie. Dieselfde met die boodskapper.

- Dink net hoe jy sou voel as jy hard werk in die tuin.
    - Krom rug, sweet, vuil en seer hande.
    - En jy kry iemand om jou die dag in die tuin te help...
    - ...en die man staan daar soos 'n '*Lord*' rond want Hy wil nie sy klere vuilmaak nie.
    - Jy sal mos 'n aar bars en dalk aan die skree gaan!

- Maar Jesus gaan nie skree nie sê Jes 42:2.
- Hy sal nie jou swakheid morsaf breek nie sê vers 3.
    - Sy dienskarakter strek so diep dat Hy sal kom...
        - soos op hierdie oomblik,
    - om eenvoudig die Vader se wil ook aan jou bekend te maak...

- Jy sien, in God se koninkryk werk dinge heeltemal andersom.
    - Wanneer ons sou skree, skree Hy nie.
    - Wat ons dink ons groot en spesiaal en belangrik maak,
        - is nie vir Hom groot en spesiaal en belangrik nie.
    - En wat ons dink niks of simpel of benede ons is...
        - is vir God die gramme van goud-self werd.

- Hoor hoe hierdie verskil
    - tussen mense en God se idee van belangrikheid

- uitspeel in Mark 9:35 eendag toe Jesus en sy vriende ‘n ver ent gestap het:

33Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: “Waaroor het julle langs die pad geloop en praat?”
34Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is. 35Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.”

- Met ‘eerste’ en ‘laaste’ bedoel hy
  - dit wat God eintlik as belangrik sien,
  - en wat Hy eintlik as onbelangrik sien.

- Dis hoe God mense meet,
  - want Hy meet mos teenoor Homself.

Waar is aanpassing dalk nodig?

- Hande-vuilmaak en effort gee as volgeling van Jesus
  - is daarom ‘n kern bestanddeel van Dissipelwees,
  - Christenwees.

- Die Bybel beskryf gelowiges daarom as:

    - Diensknegte van God (Titus 1:1; Mat 4:10)
    - Diensknegte van Christus (Rom 1:1, Joh 12:24)
    - Diensknegte van mede-gelowiges (Joh 13)
    - Selfs diensknegte van die wêreld (Jer 29:4-7; Gal 6:10

- Soos ‘n kelner
    - het Jesus se dissipels ‘n ingesteldheid om
        - hulle medegelowiges te dien
        - Ongelowiges te dien
        - Die gemeenskap te dien.

- Hoe?
    - Deur behoeftes op hierdie plekke te sien
    - en hand op te steek waar dit vir jou moontlik is.

- Nie omdat ons die welsyn is nie –
    - maar omdat ons daardeur mense ‘n smakie kan gee van die welsyn wat kom uit die evangelie.

- Soos wat Jesus sy dissipels ‘n smakie gegee het van die effek van sy dood en opstanding,
    - toe Hy die aand voor die tyd hulle vuil voete lekker vars en skoon laat voel het.

Evangelie oomblik

- Hier is nou maar ‘n ongemaklike feit wat genoem moet word.
    - In Trinitas is daar mense wat selfloos hard werk
        - as diensknegte binne en buite die gemeente vir Jesus.
    - Daar is ook mense wat rondstaan soos ‘n ‘Lord’.

- Maar Jesus skree nie vir jou vandag nie.
    - Dit laat kelners moes nie beter werk nie!

- Selfs waar jy misluk as onwaardige dienskneg,
    - kom Hy as die Waardige Dienskneg instaan aan die kruis.
        - Nie om ons in ons dowwe skyn uit te blaas
        - of in ons geknagtheid af te breek nie.
    - Maar hierdie twee teer beelde
        - wil sy genade-manier van werk met ons duidelik maak.

- Hy kom verkondig sy Vader se wil weer vir jou vanoggend.
    - Wat is dit?!

- Eindelose liefde en genade –
    - juis sodat ons nie ‘n vinger lig omdat ons moet nie.
    - Maar sodat ons uit verstomming en bewondering vir sy genade vir ons,
        - nie anders sal wil of kan om ander ‘n voorsmaak te gee van hierdie genade nie.

- Sien, Jesus was aan die kruis die minste belangrik,
    - sodat Hy nou in die oë van mense gesien kan word as dié belangrikste.

- En niemand van ons se dienswerk weerspieël dit so goed as die een wat dien,
    - waar niemand anders sou wou dien nie.

- Maar as jy nog dink jy en jou lewe wat jy probeer bou is te belangrik,
    - is jy in Jesus se koninkryk eintlik doer agter in die ry.

- Hy skree nie vandag vir ons nie...
    - maar in genade maak Hy weer sy wil en plan vir ons bekend.
    - Kom gee Hy koers.

Slot

- Sien Jesus – Die Eerste wat laaste was – ...vir jou.
- Verstom jou daaroor.
- En sit aan jou voorskoot.

- Dienskneg wees begin in God self
- Dis deel waaroor Jesus ons wil leer as dissipels
- Dit maak die evangelie aan ons gemeenskap bekend.

- Dis hoe ons as Trinitas gaan werk vorentoe.

Amen